## 1 Desember Psalm 1

### *Die lewe se twee paaie*

Twee mense staan langs mekaar. Albei geniet die lewe. Die een is goddeloos. Hy verkneukel hom daarin om slegte raad te gee en saam met drinkers, dwelmverslaafdes, prostitute en vloekers te kuier. Jy vind hom gereeld tussen dié wat grappies maak oor dit wat vir God belangrik is. Hierin vind hy sy vreugde.

Die ander man kuier nie saam met hom nie, luister nie na sy advies en grappe nie en laat hom nie ompraat vir 'n aandjie saam met hulle nie. Tog is hy in sy hart bly - 'n glimlag gly uit sy hart, want hy oordink die Woord van God dag en nag. Hy lees en bestudeer die Bybel graag. Wanneer hy nie besig is om dit te lees nie, is hy besig om oor die betekenis en toepassing daarvan na te dink. En dan gaan doen hy dit wat hy gelees en oor nagedink het. Hierdie man geniet dit om kind van God te wees, die Woord sonder ophou te oordink. Sy hoof, hart en hande is in die Woord. Dit beïnvloed sy lewe. Sy lewe wys mooi dinge. Hy beïndruk mense met sy optrede. Hy prikkel hulle om ook 'n bydrae te maak in die lewe. God seën hom en laat dit goed gaan met hom. Hy noem hom regverdig, omdat hy hom deur God alleen laat lei, omdat die Woord hom so lewensbly maak.

Langs watter een van dié twee manne staan jy? Oordink die Woord van die Here dag en nag.

Sing: Psalm 1:1 Ds. A. Jansen (Wierdapark)